



Bring nostalgie terug in jou huis met drie pragtige gehekelde kantdoilies wat jy uit 'n enkele patroon kan maak

Die middel van die doilies het 'n margrietjiepatroon. Die doilies word elk met 'n unieke skulp- rand afgerond, waarin die blom- patroontjie telkens herhaal word. Die MARIA-kantdraad Nr. 50 word versprei deur Brasch Hobby, (011) 493-9100, en is landwyd by hekel- en brei- winkels beskikbaar.

◀ Die middelslagdoilie is 25 cm in deursnee. Let op dat die middelste deel dieselfde patroon is as wat vir die klein doilie gebruik word. 'n Bykomende skulp- randjie word daarom gehekel om dit groter te maak.

PASMAATS VAN KANT

Die groot doilie is 32 cm in deursnee. Die middelste deel is 'n samestelling van die klein en middelslagdoilie. Om die doilie op sy beurt groter te maak, is hy afgerond met sy eie skulp- randjie.

Die klein doilie is 15 cm in deursnee en vorm die basis waarom die middelslag- en groot doilie gehekel word.



saamgestel deur ANNINE VAN REENEN
foto's DEON
doilies gehekel deur SARIE FREEMAN
patrone verwerk deur SJOUKJE JORDAAN
bykomstighede MARKET TRADING, (011) 492-1028

DRIE KANTDOILIES

Gehekel deur SARIE FREEMAN

BENODIGDHEDE

Maria Lace Nr. 50(20-g-bolle); 3 bolle écru; hekelpen van 1,00 mm.

MATE

Groot: 32 cm, middelslag 26 cm, klein 15 cm in deursnee.

AFKORTINGS

gs – glijpsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; hlb – halflangbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; driesl – drieslagsteek; tr – trossie, soveel steke soos genoem saam afgewerk; st(e) – steek(steke); beg – begin; herh – herhaal; vlg – volgende.

Let wel: 3ks vervang die eerste lb van 'n rondte; 4ks die 1e dsl, en 5ks 'n driesl. Alle ste word in agterste lusse van vorige rondte gehekel. Alle rondtes sluit met gs in 1e st van dié rondte.

AANWYSINGS

Begin deur die werkdraad 'n paar maal om jou linkerwysvinger te draai.

1e rondte: 40dsl in so pas gemaakte lus; trek lus styf in, werk moetnog plat lê.

2e rondte: (1dsl in elk van vlg 5 dsl, 9ks) 8 keer.

3e rondte: gs oor 5dsl en eerste 2 ste van 9ks-lus, (13lb in 9ks-lus, 7ks) 8 keer.

4e rondte: gs oor eerste 6lb, *(dsl-tr, 7ks, 3dsl-tr) in 7e lb, (7ks, 3kb in 7ks-lus, 7ks); herh van * rondom (d.w.s., 8 herhalings).

5e rondte: gs tot in 7ks-lus tussen dsl-tr, *9lb in dié lus, 5ks, 1kb in 7ks-lus, 5ks, 1kb in vlg 7ks-lus, 5ks; herh van * rondom.

6e rondte: (9lb in 9lb, 4lb in eerste 5ks-sp, 5ks, 1kb in vlg 5ks-sp, 5ks, 4lb in derde 5ks-sp) herh rondom.

Knip gare hier af indien jy die kleinste doilie wil maak.

Vir **middelslag doilie**, gaan voort met:

7e rondte: gs oor eerste 4 dsl; (5dsl in middelste lb, 9ks, 1kb in 5ks-sp, 5ks, 1kb in vlg 5ks-sp, 9ks) 8 keer rondom.

8e rondte: (2dsl in 1e dsl, 3ks, slaan 1 st oor, 2dsl in vlg dsl, 3ks, slaan 1 st oor, 2dsl in 5e dsl, 5ks, 7lb in 9ks-lus, 1kb in sp, 7lb in vlg lus, 5ks) 8 keer.

9e rondte: gs tot in 3ks-sp, (5lb in 3ks-sp, 1ks) 3 keer, 13ks, 5lb in vlg 5ks-sp, 1ks) 8 keer.

10e rondte: gs oor eerste 5lb; (1kb in 1ks-sp, 7ks, 1kb in vlg 1ks-sp, 5ks, 19lb in 13ks-lus, 5ks, 1kb in 1ks-sp, 7ks) 8 keer.

11e rondte: gs oor eerste 3ks; (3dsl-tr in 4e ks, 9ks, 1kb in 5ks-sp, 5ks, slaan 1e lb oor, 17lb in 17lb, 5ks, 1kb in 5ks-sp, 9ks, 3dsl-tr in 4e ks van vlg

7ks-lus) 8 keer.

12e rondte: gs oor dsl-tr tot in 9ks-lus; (11kb in lus, 5ks, 1kb in sp, 5ks, slaan 1e lb oor, 15lb in vlg 15lb, 5ks, 1kb in sp, 5ks, 11kb in 9ks-lus, 5ks) 8 keer.

13e rondte: gs oor gs; *9ks, (1kb in 5ks-sp, 5ks) 2 keer, 13lb in 15lb, (5ks, 1kb in sp) 2 keer, 9ks, 10kb in 5ks-sp tussen dsl-tr; herh van * rondom.

14e rondte: gs tot 5e ks van 9ks-lus; *1kb in 5e ks, 3ks, (1kb in sp, 5ks) 2 keer, 11lb in 13lb, (5ks, 1kb in sp) 2 keer, 3ks, 1kb in 5e st van 9ks-lus, 2dsl-tr in 1e kb, (5ks, slaan 2kb oor, 3dsl-tr in vlg kb) 2 keer, 5ks, 2dsl-tr, 1kb in 5e st van 9-ks lus; herh van * rondom.

15e rondte: gs tot middel van 3ks-sp; *(1kb in sp, 5ks) 3 keer, 9lb in 11lb, (5ks, 1kb in sp) 3 keer, 3ks, (8kb in 5ks-lus, 3ks) 3 keer; herh van * rondom.

16e rondte: gs tot middel van 5ks-sp; *1kb in 5ks-sp, 3ks, (1kb in sp, 5ks) 2 keer, 7lb in 9lb, (5ks, 1kb in sp) 2 keer, 3ks, 1kb in 5ks-sp, 9ks, |(3dsl-tr, 7ks, 3dsl-tr) in 3ks-sp| 2 keer, 9ks; herh van * rondom.

17e rondte: gs oor 3ks en tot middel van 5ks-sp; *1kb in 5ks-sp, 3ks, 1kb in vlg sp, 5ks, 5lb in 7lb; 5ks, 1kb in sp, 3ks, 1kb in vlg sp, 5ks, 7kb in 9ks-lus, 9kb in 7ks-lus, 1kb tussen 2tr-groepe, 9kb in 7ks-lus, 7kb in 9ks-lus, 5ks; herh van * rondom.

Knip gare hier af vir middelslagdoilie.

Gaan só voor vir **grootste doilie**.

18e rondte: gs oor 3ks-sp en tot middel van 5ks-sp; *1kb in sp, 5ks, 3lb in 5lb, 5ks, 1kb in sp, 5ks, 5kb in 5ks-sp, 5ks, slaan 3kb oor, 11b in elk van vlg 27kb, 5ks, slaan 3kb oor, 5kb in 5ks-sp, 5ks; herh van * rondom.

19e rondte: gs tot middel van 5ks-sp, *1kb in sp, 7ks, 1kb in vlg sp, 5ks, 2kb in daaropvlg sp, 5ks, 3lb in vlg sp, 1lb in elk van vlg 2 ste, 1h1b in vlg st, 1kb in daaropvlg st, 13ks, slaan 5lb oor, 4 driesl-tr in 6e st, 1ks, slaan 8lb oor, 4driesl-tr in vlg st, 13ks, slaan 5lb oor, 1kb, 1h1b, 21b in die vlg 4 ste, 3lb in sp, 5ks, 2kb in sp, 5ks; herh van * rondom.

20e rondte: *9kb in 7ks-lus aan punt van "pynappel", 3ks, 1kb in sp, 5ks, 4dsl in lus, 1dsl in elk van vlg 7 ste, (3kb, 7lb, 3ks) in 13ks-lus, 2kb in bopunt van driesl, 2kb in 1ks-sp, 2kb in bopunt van vlg driesl, (3kb, 7lb, 3kb) in 13ks-lus, 1dsl in elk van vlg 7 ste, 4dsl in lus, 5ks, 1kb in sp, 3ks; herh van * rondom.

21e rondte: gs oor 1e kb; *7kb in vlg 7kb, 5ks, 4dsl in sp, dsl in vlg 11 dsl, 13ks, slaan 12 ste oor, 1kb in 13e st, 7ks, slaan 6 ste oor, 1kb in 7e st, 13ks, dsl in vlg 11 dsl, 4dsl in sp, 5ks, slaan 1e kb oor; herh van * rondom.

22e rondte: *5kb in 7kb, 3ks, 1kb in sp, 3ks, 5lb in 5dsl, 10dsl, 13kb in

13ks-lus, 10dsl in vlg 10 ste, 5lb in daaropvlg 5 ste, 3ks, 1kb in sp, 3ks; herh van * rondom.

23e rondte: *3kb in 5kb, 5ks, 3h1b, 3lb, 4dsl, 5driesl, 9ks, slaan 13kb oor, 4dsl-tr in 1e van 10kb, (9ks, slaan 2 ste oor, 4dsl-tr in vlg st) 3 keer, 9ks, 5driesl, 4dsl, 3lb, 3h1b, 5ks; herh van * rondom.

24e rondte: *3kb in kb, 4kb in sp, 4ks, (4kb, 4ks) 3 keer, 3kb, (11kb in 9ks-lus) 5 keer, 3kb, (4ks, 4kb) 3 keer, 4ks, 4kb in sp; herh van * rondom. Knip gare af en werk netjies af.

AFWERKING

Middelslagdoilie, 18e rondte: gs oor 3ks-sp tot middel van 5ks-sp, *1kb, 5ks, slaan 1e lb oor, 3lb in 3lb, 5ks, 1kb in sp, 5ks, 5lb in sp, lb in die kb van al die lusse, 5lb in sp, 5ks; herh rondom.

19e rondte: *4kb in sp, 3kb in lb, (4kb in sp) 2 keer, 5kb, (4ks, 4kb) 8 keer, 4ks, 5kb in lb, 4kb in sp; herh van * rondom.

Knip gare af en werk netjies af.

Klein doilie, 7e rondte: gs oor eerste 8lb, |7dsl in middelste lb, 5ks, (1kb in sp, 5ks) 2 keer| 8 keer.

8e rondte: |2dsl in 1e lb, (2ks, slaan 1lb oor, 2dsl in vlg lb) 3 keer, 5ks, 7lb in sp, 1kb in vlg sp, 7lb in daaropvlg sp, 5ks| 8 keer rondom.

9e rondte: gs tot in 2ks-sp; |5lb in sp, (1ks, 5lb in vlg sp) 3 keer, 2ks, 1driesl in kb, 2ks, 5lb in vlg sp| 8 keer rondom.

10e rondte: |5kb in 5lb, (4ks, 5kb in 5lb) 3 keer, 4ks, 2kb in sp, 1kb in driesl, 2kb in sp, 4ks, 5kb in 5lb, 4ks| 8 keer rondom.

Knip gare af en werk netjies af.



KLOSKANT VIR BEGINNERS

Marie Potgieter wys ons stapsgewys hoe om dié pragtige kunsvorm te be-meester. Die boek bied 'n begin-nerskursus in torchon-kant. Daar word aangetoon hoe verskillende steke gemaak word en hoe dit gekombineer kan word om allerlei variasies te ver-kry.

Die werkwyse word geïllustreer deur duidelike lyntekeninge, patrone en volkleurfoto's.

